# BARABBAS

By die twee duisend jaar gelede, was die **keuse** op die tafel.  Die Jode van daardie tyd moes 'n keuse maak:

> Elohiem met 'n Seun, of 'n elohiem sonder 'n seun.  Gaan hulle JaHUsha as die Messias aanvaar of nie.

In Matt. 27:16 – 26 en ooreenstemmende plekke in die ander evangelies lees ons van Barabbas.   Dis "Bar Abbas",  Seun (bar) van die vader (Abba-s), maar watter vader?

BarAbbas was 'n  gevangene omdat hy 'n dief en 'n moordenaar was (Joh. 18:40, Mark. 15:7, Luk. 23:18).  Hy was vanaf die Duiwel as vader (Joh. 8:44).

Aan die ander kant is daar JaHUsha die Messias wat vanaf Sy Vader kom.  Hy en die Vader is een.  Sy Vader is JaHUaH (Joh. 5:43, Joh. 17:1 - 26).  JaHUsha het met Sy Vader gepraat toe Hy op die folterpaal was (Luk. 23:34, Luk, 23:46).

Die naam "BarAbbas" hier in Matt. 27 het gesinspeel op diegene wat die Anti-messias kies en dan die Duiwel as vader het, net soos hulle wat "BarAbbas" 2 000 jaar gelede gekies het.

Toe hulle gevra word wie **<u>losgelaat</u>** moet word, "BarAbbas" of JaHUsha (Matt. 27:19), het hulle uitgeroep: "BarAbbas"!

**<u>Groot Versoendag</u>**

Tydens Jom Kippur (die Groot Versoendag) word daar die lot gewerp tussen twee bokke (Lev. 16:8 – 10).  Die een bok is geoffer as sondoffer vir hulle sondes (Jes. 53, Rom. 4:25).  Dit het gedui op JaHUsha en die dood wat Hy sou sterf ter wille van ons sondes.

Die ander bok, die sondebok, **Asasel,** word dan **<u>losgelaat</u>** in die woestyn.  Net soos wat **BarAbbas"** hier **<u>losgelaat</u>** is!  In die boek van Henog lees ons van Azazel (Henog 54 en 55).  Hy word as Satan uitgebeeld.  Asasel, die sondebok, is Satan in hierdie simboliese prentjie.

Dieselfde patroon word in Lev. 14:4 -7 gegee met twee duiwe.  Een word geslag, en een word vrygelaat.  Watter gees is watter een?

Daar is dus hierdie sinspeling met name op hierdie kritieke tyd tweeduisend jaar gelede, waar daar gekies moes word deur die mense ...  BarAbbas òf Messias JaHUsha.

BarAbbas (of Asasel), het sy volgelinge, naamlik diegene wat **nie die Messias kies nie**, maar wat JaHUsha as Messias weereens "**dood**" verklaar.  BarAbbas was soos 'n politieke leier van sy tyd en het hulle bevryding van die Romeinse juk belowe.  Hulle het nie 'n lydende Messias verwag soos wat JaHUsha was nie.  Maar tog het ander Jode, soos Sy disspels, JaHUsha gevolg as hulle groot Hoëpriester in die <u>Orde van Melgisèdek.</u>

Dit is "Silo" (Shilo) wat gekom het (Gen. 49:10) in die Koninkryk van die Hemel se [Melgisèdekorde] wat herstel is, en Hy is nou die Wetgewer met Sy wette wat geopenbaar is in die Nuwe Testament, naamlik die [Torah van die Messias].

> Gen. 49:10   The sceptre shall not depart from Judah, nor a lawgiver from between his feet, until **Shiloh** come; and **unto him** *shall* **the gathering of the people** *be.*

Diegene wat Hom gekies het, het afstand gedoen van enige Judaïsme.  Die **skeiding** tussen Judaïsme en diè wat JaHUsha volg, het dus al 2 000 jaar gelede tot stand gekom.

BarAbbas, die moordenaar, is vrygelaat en JaHUsha wat onskuldig was, is wat hulle betref, vermoor (Hand. 2:36).

> Hand. 3:14  "En julle het die Afgesonderde en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk word."

JaHUsha was egter die geslagte Lam wat self Sy lewe met Pasga afgelê het om versoening te doen vir ons sondes.

Die Anti-messias se weg eindig in die vuur (Open. 19:20 – 21), terwyl Messias JaHUsha se weg in Eden eindig, die Hemelse Koninkryk (Open. 21, 22).

Ons moet die koers kies van watter pad ons wil bewandel.  Wie gaan ons leermeester wees?  Judaïsme het nie JaHUsha as Messias gekies nie.

**Judaïsme**

Ons wil nie soos in JaHUsha se tyd, saam met Judaïsme daaraan skuldig wees dat ons ook BarAbbas kies nie.

Judaïsme kan vergelyk word met die kraai wat eerste uit die Ark uitgegaan het.  Hierdie godsdiens pas o.a. die Torah van Moses in 'n **fisiese** hoedanigheid toe want **dit was in plek**, vòòrdat die Boodskap van die Goeie Nuus van JaHUsha Messias gekom het (die duif met die olyftakkie).

Om vanuit die Skrif na Judaïsme te kyk, is nie 'n mooi prentjie nie.  Die Skrif is baie reguit.

> 2 Joh. Vers 7 – 11  "Want baie verleiers het in die wêreld ingekom:  die wat **nie bely** dat JaHUsha Messias in die vlees gekom het nie.  Dit is die **verleier** en die **Anti-messias**.
> **Wees op julle hoede**, dat ons **nie verloor** wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.
> Elkeen wat 'n oortreder is en **nie bly** in die leer *(Torah)* van Messias nie, **hy het Elohiem nie**.  Wie **in die leer** van **Messias bly,** hy **het die Vader sowel as die Seun**.
> As iemand na julle kom en hierdie leer **nie** bring nie, **ontvang hom nie** in die huis nie en groet hom nie.   Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke."

Ons kan nie toelaat dat Judaïsme in ons 'huis' van lering inkom nie.  Ons kan dit ook nie 'groet' asof dit 'n familielid is nie.

Dit gaan glad nie nou oor die persoon of persone as sulks nie, maar oor die **godsdiens van Judaïsme,** wat 'n **kragtige misleiding** is. JaHUsha het vir elke Jood ook gesterf en het dus, net so 'n hart vir Jode as vir my en jou (Joh. 3:16). Ons praat dus nie van die mense, of van die individue as sulks nie (en niemand word dus hier aangemoedig om Jode te haat of te vervolg nie), maar dit gaan wel oor Judaïsme as 'n godsdiens, nl. dit wat daar geleer word **wat nie strook met die Nuwe Testament** en wat **JaHUsha gekom het om te leer** nie. Dit is die groot probleem.

Kan daar waarheid daar te vinde wees? Daar sal waarhede te vinde wees, maar die **mengsel** van lig en duisternis is soos 'n bord kos met **dodelike gif** daarin.

Die sterkte van **geestelike outoriteit** wat gekoppel is aan godsdienstigheid by mense, moet nie onderskat word nie. Dit is inderdaad die **Verborgenheid**, die <u>groot Babilon</u> (Open. 17:5).

Judaïsme kan tot gevolg hê dat die Gelowige as 'n trotse besitter van die **kosbare skat** (2 Kor. 4:7) van die Ewige Lewe in die Seun, sy of haar kosbare skat uiteindelik mag **verloo**r.

Sal ons houtgerus saam met 'n dief in ons huis verkeer? Sal ons 'n dief blindelings in ons huis vertrou? Of sal ons hom dalk angstig dophou om te sien of daar nie iets van ons gesteel gaan word nie. Iets baie **kosbaars**?

> Joh. 10:7 – 14 "JaHUsha het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **Ek** is die deur van die skape.
> Almal wat voor My gekom het, is **diewe en rowers**; maar die skape het nie na hulle geluister nie.
> Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.
> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.
> Ek is die Goeie Herder. Die Goeie Herder **lê sy lewe af** vir die skape.
> Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.
> Ek is die Goeie Herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken."

Die Een wat dus **Sy lewe aflê vir die skape**, Hy is **die Messias** wat die deur van die skape is na die Vader, JaHUaH, toe. Die ander is diewe en rowers en deel van die Anti-messias se kamp, die kamp van die "***ander vader***".

JaHUsha self was baie reguit om te verklaar dat diegene wat nie glo dat Hy die Seun van Elohiem is nie, inderdaad die **duiwel as vader** het.

> Joh. 8:42 -44 "En JaHUsha sê vir hulle: **<u>As</u>** Elohiem julle Vader was, **sou julle My liefhê**, want Ek het **uit Elohiem uitgegaan** en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar **Hy het My gestuur.**
> Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.
> **Julle het die duiwel as vader**, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n **mensemoordenaar** van die begin af en **staan nie in die waarheid nie**, omdat daar **in hom geen waarheid is nie**. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n **leuenaar** is en die **vader daarvan**."

Die hele punt daarvan dat JaHUsha die Messias is, is dat JaHUaH sy Vader is en Hy is dan die 'Eersgeborene van baie broeders'. Sonder Hom, kan ons **nie deel word** van daardie huisgesin nie en is daar nie 'n huisgesin nie.

Glo Judaïsme dat JaHUaH 'n Vader is, 'n Seun het ... of glo hulle dat Hy nie 'n Seun het nie?

Ons het die onfeilbare en geïnspireerde Skrif (die Ou en die Nuwe Testament) en moet dit **nie verruil** vir enige "intellektuele" menslike leringe nie. Ons het 2 Tim. 3:16 en dit behels die HELE SKRIF, die Nuwe Testament ook, sien: *DIE HELE SKIRF 2 TIM. 3:16*.

> 2 Tim. 3:16 Die **hele Skrif** is **deur Elohiem ingegee** en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
> 2 Tim. 3:17 sodat die mens van Elohiem volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Skrif verklaar dus Skrif en dis die salwing van **die Gees** wat die leser dan so sal lei na die volle waarheid.

> 1 Joh. 2:27 En die **salwing** wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos **dieselfde salwing julle aangaande alles leer**, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle **in Hom bly**.

Gaan ons uiteindelik 'n Vader hê wat wel 'n Seun het, of een wat nie 'n seun het nie, soos tweeduisend jaar gelede?

Dis nog steeds dieselfde oorlog tussen Lig en Duisternis. Daar is niks nuuts onder die son nie.

Die opstelling wat daardie tyd was, is een en dieselfde as wat ons opstelling vandag is. Het ons vandag **oë** om te sien en **ore** om te hoor?

> Matt. 13:13 Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, **terwyl** hulle sien, **nie sien nie**, en **terwyl** hulle hoor, **nie hoor of verstaan nie**.
> Matt. 13:14 En aan hulle word die **profesie van Jesaja vervul** wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.
> Matt. 13:15 Want **die hart van hierdie volk het stomp geword**, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan **en hulle bekeer en Ek hulle genees nie**.
> Matt. 13:16 Maar **julle oë is gelukkig**, omdat **hulle sien**; en **julle ore**, omdat **hulle hoor**.
> Matt. 13:17 Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer **om te sien** wat **julle sien**, en het dit nie gesien nie, en **om te hoor** wat **julle hoor**, en het dit nie gehoor nie.

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2015
Hersien, 2021